# *Die Boodskap Aan Die Laodicése Kerk*

Baie dankie. Dankie. [Gemeente gee applous—Red.] Baie dankie. Dis 'n voorreg om hier in Dallas te wees, vanaand. Ek het beslis uitgesien met groot verwagtinge om weer terug te kom na hierdie staat van Texas.

2 En 'n tyd gelede, toe ek in Waterloo was, het ek kontak gemaak met Broer Lindsay, wat my uitgenooi het na hierdie *Stem van Genesing* konvensie. Later, in Chattanooga het ek ons dierbare vriend ontmoet, Broer David du Plessis, wat my ook geïnspireer het om te kom, en om te kom en deel te neem aan hierdie konvensie, net om hierdie gawe klomp mense te sien, ensovoorts.

3 En dit was baie gaaf van hulle om my te vra om hulle aandspreker te wees hierdie ses aande. Ek het een van hulle gemis deur nie te weet dat dit in die middag moes wees nie, en ek's jammer daaroor, want ek het te laat in die stad ingekom om selfs hier te kom vir die middagpreek. Maar dis beslis 'n voorreg om hier te wees vanaand, en om geassosieer te wees met hierdie *Stem van Genesing* konvensie. En ons vertrou dat God ons daardie uitermatige, oorvloedige sal gee, bo alles wat ons kan doen of dink.

4 En om Broer Vineyard te hoor, so pas, soos ons nadergery het, wat oorgaan na Finland, dink ek, dis wonderlik. En ons glo dat ons Here binnekort kom, en ons versamel nou net, tel net op van die lande af die—die deel wat oor is, soos Rut op die land, veronderstel ek, dit te versamel wat redbaar is, en God Ewige Lewe verordineer het, ons probeer dit versamel. En ek is so bly om te weet dat ons lewe in die, een van die grootste dae waarin die mens ooit gelewe het, net voor die koms van die Koning.

5 Hierdie is my derde besoek aan Dallas, glo ek. Was eenmaal by 'n prediker, ek vergeet net, ek dink sy naam was Broer Goff, hy het 'n kerkie hierbuite gehad, glo ek, oorkant in Dallas, self. En dan, het ek eenkeer na een of ander stadion toe gekom, of iets hier, of een of ander . . . Ek vergeet wat die naam van die plek was ['n Broer sê: "Fair Park."—Red.], Fair Park, dis presies reg, meneer. En—en dan hierdie, dink ek, is ons derde keer. En ons is bly om hier te wees vanaand en te preek tot Vrydagaand, as die Here wil.

6 Maar dit laat my beslis soort van uit plek voel, of 'n bietjie klein, net soos 'n ou, wat ek in die Suide sou noem, 'n sassafras prediker. Hoeveel weet wat sassafras is? Goeiste! Van watter deel

van Kentucky is julle? So hier waar . . . En hierbo om voor hierdie goeie predikers te preek en om 'n aandspreker te wees, laat dit my beslis goed voel.

7 En om te dink dat baie van hierdie manne hier op die veld gepreek het toe ek 'n sondaarseun was, aan perdewedrenne deelgeneem het, so, of iewers buite by die bokskryt, en om te weet dat hulle die weg gebaan het sodat ek op 'n gelyk pad kon ry! So ek is dankbaar vir my broers, vanaand. En ek vertrou dat die poginkie wat ek kan aanwend, dit 'n seën vir almal sal wees, om die sondaar te laat besef dat hy 'n sondaar is, en om die gelowige te laat juig in Christus, om die siekes te laat weet dat daar 'n Geneser is, en aan my broers om geïnspireer te word, dis om—om vorentoe te beweeg met groter verwagtinge as ooit tevore. Sien?

8 Nou, ek . . . Natuurlik weet julle omdat ek nog nooit het nie . . . Ek is georden in die Sending Baptiste kerk. En nadat ek die Sending Baptiste kerk verlaat het, is ek nog nooit sedertdien verbind met enige kerke, enige sekere denominasie nie, want ek probeer reg tussen hulle almal staan en sê: "Ons is broers." En ek glo dit nog vanaand, dat ons broers is. En so, daarom, verteenwoordig ek nie enige sekere denominasionele kerk nie, maar ek verteenwoordig *die* Kerk: die Kerk van die Here Jesus Christus. Dis waar julle almal behoort, in daardie groot Liggaam van Christus.

9 En ons sien uit na daardie dag om te kom wanneer Hy Sy Kerk sal wegraap en Huis toe gaan. As die Here wil, wil ek hierdie week oor bietjie daarvan praat, oor *Hoe Naby Is Die Vertrek Van Die Kerk?*, *Die Handskrif Teen Die Muur*, en *Verenig Onder God*, en 'n paar sulke goed, as die Here wil, in hierdie, hierdie komende week.

10 Nou, ek glo dat *Hierdie* die ware fondament is, die Bybel. Ek glo dat God baie dinge doen wat nie in die Bybel is nie, Hy kan enigiets doen, want Hy's God, maar ek—ek dink dat Doktrine uit die Skrif behoort te kom, dat Dit God se Boek vir ons is.

11 Nou, in die Ou Testament het hulle twee of drie maniere gehad om te weet of dit waarheid was of nie, en dit is, hulle sou teruggaan na wat hulle die Urim en Tummim genoem het. En dit was, daar is vir my vertel dit was die borsplaat wat Aäron gehad het wat die—die twaalf stene daarin gehad het. En dan wanneer 'n profeet geprofeteer het of dromer sy droom vertel het, en—en nie, 'n konglomerasie van ligte, geflikker het op hierdie Urim en Tummim nie, dan was die profeet verkeerd. Sien, God het altyd 'n manier gehad om bonatuurlik te antwoord, die waarheid word altyd erken. So as dit nie sou flikker nie, dan was die man, die profeet verkeerd.

12 En nou, nadat met daardie priesterskap weggedoen is, en, ons 'n nuwe priesterdom het vanaand, Jesus Christus as die Hoëpriester, het ons 'n nuwe Urim en Tummim, en dis die Bybel.

"Wegneem of byvoeg, dieselfde sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe." So ons sal ons bes probeer met God se hulp om reg binne hierdie bladsye te bly. Ek het dikwels dit gesê: Ek wil niks minder hê as wat God in die Bybel het nie, en ek, maar ek wil alles hê wat Hy in die Bybel het, net al die beloftes wat vir ons is.

13 So voor ons Sy Woord oopmaak vir ons teks, laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

14 Ewige en Dierbare God, dit is so 'n groot voorreg, vanaand, wat ons het om in U Goddelike Teenwoordigheid te staan, onder hierdie groot tent waar U kinders vergader is vir geen ander doel behalwe om die Woord te hoor en die beweging van die Lewende God te sien nie. En ons wil vanaand vra dat U U seëninge op ons sal uitstort tot 'n—'n groot mate.

15 Verander ons denkwyses, as hulle verkeerd is, Here, en vestig ons denke op U Seun, die Here Jesus, mag ons harte gevul word met Sy Teenwoordigheid. En wanneer ons vanaand vertrek van die diens af, mag ons sê soos hulle wat van Emmáüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

16 En nou, Vader, bid ons dat die Heilige Gees net hierdie paar woorde sal neem wat gelees moet word en die konteks van hulle sal uitstort in elke hart. Skenk dit, Here. Help my, Vader, soos ek hier staan, dat my siel kan juig in U salige Teenwoordigheid. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

17 Vanaand, om my deel van hierdie konvensie van die preek te begin, het ek 'n teksie gekies wat oorkant in die Boek van Openbaring gevind word, julle wat dit merk, in Openbaring die 3de hoofstuk en die 20ste vers, wil ek graag hierdie gedeelte van die Woord lees:

> *Kyk, Ek staan by die deur en klop: as iemand my stem hoor, en die deur* sal *oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom maaltyd hou, en hy met my.*

18 Hierdie teks van Openbaring hier is: *Die Boodskap Aan Die Laodicése Kerk*. Wat ek waarlik glo dat, nie as 'n dispensasiolis, presies nie, maar tog glo ek dat ons aan die einde van die Heidense bedeling is waarvan daar gepraat word. En ek glo dat die Laodicése Kerktydperk die laaste kerktydperk was, en ek dink dis waar ons vanaand is. En dis hoekom ek hierdie vir 'n teks geneem het.

19 En party mag sê: "Wel, Broer Branham, is hierdie nie nogal 'n klein teksie vir 'n—'n groep mense van hierdie grootte, en vir 'n konvensie van hierdie kaliber, as jy net 'n paar woorde lees in een klein versie van die Skrif nie?"

20 Maar julle sien, dit is nie die grootte van die Skrif nie, dit is nie die grootte van die voorlesing nie, dis wat dit is, wat tel.

21 ’n Tyd gelede in Louisville, Kentucky, was ’n vriendjie van my bo in die solder, in ’n ou solderkamer, in die huis, en hy het rondgesoek, die seuntjie, en hy het in ’n ou trommel ontdek. En in hierdie trommel het hy ’n ou posseël gekry, net omtrent ’n halfduim groot. En hy het gedink, miskien, met dit in sy gedagte dat roomys van hierdie seël mag kom, so hy het hom gehaas in die straat af na sy vriend wat ou seëls versamel het, en vir hierdie vriend gesê: “Ek het ’n ou, geel seëltjie gevind, dis nogal oud, maar ek—ek wonder net of hierdie seël enigiets werd is.”

22 En die seëlversamelaar het sy vergrootglas uitgehaal, ’n bietjie daarna gekyk, en hy het vinnig gesê: “Ek sal vir jou ’n een-dollar noot gee vir hierdie sekere seël.”

23 En natuurlik, die seuntjie, wat nie meer as vyf sent verwag het nie, was dit vinnig verkoop, want daardie dollar het baie roomyshorinkies beteken.

24 So naderhand het hy, omtrent twee weke later het hierdie versamelaar hierdie sekere seël vir vyf-en-twintighonderd dollar verkoop, en omtrent ses maande later, is dit verkoop vir vyfhonderdduisend dollar. En julle sien, dit was nie die seëltjie, die stukkie papier nie, dis wat op daardie papier geskryf was, wat getel het.

25 Dis hoe dit is met my teks vanaand: Dit is nie die papier waarop dit geskryf is nie, dit is nie die grootte van die teks nie, maar dis wat daarop geskryf is, Dis die Woord van die Lewende God. Dis so noodsaaklik, dat die hele Hemele en aarde sal verbygaan, maar Dit sal nooit verbygaan nie. Sien, God let elke woordjie op wat ons lees, God ken elke klein gedagtetjie wat deur ons gedagte gaan, elke klein daadjie wat ons doen.

26 En ek dink soort van dit, dat die kerk baiekeer in sy losheid dinge begin doen, en dinge dink, en—en dinge neem net soos hulle is, wanneer ons behoort te oorweeg wat ons doen en sê: ons behoort dit te oordink voor ons dit sê.

27 My ou suidelike mamma het altyd vir my gesê: “Dink twee keer en praat een keer.” Dis die klein dingetjies, somtyds, wat ons ongedaan laat wat soveel vir ons beteken. Ons raak so haastig om oor dinge te hardloop in hierdie neurotiese eeu waarin ons lewe, dit sou ons betaam, as die Kerk van God vanaand, om te stop en ’n oomblik te wag, te sien waar ons is.

28 ’n Tyd gelede, het ek in Vancouver, Brits-Columbië gestaan, en die Koning George van Engeland het gekom om Kanada te besoek, en hy was op sy pad in die straat af in die koets, en sy pragtige koningin wat langs hom gesit het, en Mnr. Baxter, een van my medewerkers, hy het gehuil, want hy het gesê: “Dink net, Broer Branham, ons koning gaan verby!”

29 En ek het gedink: “As dit ’n Kanadees sou laat huil omdat Koning George, die eerbare koning, verbygegaan het, wat sal dit

wees wanneer Jesus verbygaan as die Koning van die konings met Sy pragtige Bruid, die Kerk?"

30 En nou, net, al die skole het gekom, en die onderwysers het vir die kindertjies 'n Britse vlaggie gegee om hulle getrouheid aan die koning te wuif soos hy verbygegaan het. En nadat die koning verbygegaan het, was daar, een van die sekere skole was daar 'n dogtertjie wat nie teruggekom het na haar plek toe nie, en die onderwyseres, wat ontsteld was, sy het in die straat uitgehardloop om te vind wat van die kind geword het.

31 En soos sy langs die straat gekyk het, het sy die dogtertjie gekry wat langs 'n telegraafpaal staan, wat net haar hartjie uithuil. So die onderwyseres gaan na die dogtertjie toe, en sy het gesê: "Skat, hoekom huil jy so?" Gesê: "Kon jy nie jou vlag vir die koning te waai nie?"

En sy het gesê: "Ja, ek—ek het my vlag gewaai vir die koning, Juffrou."

"Wel," gesê: "het jy nie gekry, kon skree: 'Heil die koning nie?'"

Gesê: "Ja, ek het geskree: 'Heil die koning,' Juffrou."

"Wel," gesê: "het jy nie die koning gesien nie?"

Gesê: "Ja, ek het die koning gesien, Juffrou."

Gesê: "Wel dan, waarom huil jy so, skat?"

Sy het gesê: "Juffrou, jy sien, ek het die koning gesien, maar ek's so klein, die koning het my nie gesien nie."

32 Maar hoe verskil dit van Jesus! Jy hoef nie in *Wie's Wie* te wees nie, jy hoef nie jou naam in een of ander groot boek van een of ander soort te hê nie, maak nie saak wie jy is nie, Jesus sien jou, en Hy ken elke klein daadjie wat ons doen. Elke klein dingetjie wat jy vir Hom doen, elke klein beweginkie wat jy maak, Hy hou dit in Sy Boek. Hy ken ons almal, of ons belangrik is in hierdie wêreld, of nie belangrik nie, ons is almal belangrik vir Sy Koninkryk, of ons ryk, arm, of tussen-in is.

33 Julle sien, hierdie is ook 'n kwytskelding. Aan klein groepies, ek het genoeg Skrif gelees vanaand wat elke smokkelhuis in Dallas sou sluit, wat elke kerk wat mekaar aan die keel wil gryp, hulle reguit terug in 'n outydse gemeenskap en 'n herlewing sou sit, dit sou dit doen.

34 'n Tyd gelede in die dae van ons vername Abraham Lincoln, is dit vertel dat daar 'n gevangene in die kamp was, wat ter dood veroordeel is vir 'n federale misdaad wat hy gepleeg het. En 'n goeie man het gegaan en die president gevra: "Sal u nie hierdie sekere man kwytskeld nie?" En die President Lincoln, soos ons almal weet 'n Christen was. Die man het gesê: "Meneer, weet u die man het 'n sterflike siel, of, 'n onsterflike siel wat u uit sy

liggaam gaan uitneem? En sal u sy lewe neem, en hy wat smeek om genade?"

Mnr. Lincoln, wat gereed gemaak het om in sy koets te klim, het net ietsie geskryf en gesê: "Ek skeld hierdie man kwyt. Abraham Lincoln."

En die man het vinnig teruggehaas na die tronksel toe, en gesê: "Meneer, ek het jou kwytskelding van die president van die Verenigde State."

35 En die man het na hom gekyk, en gesê: "O, as dit 'n ware kwytskelding was, sou dit op 'n groot papier wees met 'n seël, en dit sou allerhande—allerhande goue letters daarop gehad het as dit van die president af gekom het." En hy het gesê: "Waarom spot jy met my, en wetende dat ek geskiet gaan word in die oggend teen sonsopkoms?"

Hy het gesê: "Ek bespot jou nie, meneer. Hierdie het Abraham Lincoln se handtekening daarop."

"O," het hy gesê: "hierdie is net genoeg vir my om dit te glo." En hy het geweier om dit te aanvaar, en hy is die volgende oggend geskiet.

36 Nou, daar is 'n kwytskelding, groot, geskryf deur Abraham Lincoln dat hierdie sekere persoon kwytgeskeld moes word op *hierdie* dag en 'n vuurpeloton het hom die volgende dag doodgemaak. Dit is verhoor in Federale Howe, en hier was die besluit: 'n Kwytskelding is nie 'n kwytskelding, tensy dit as 'n kwytskelding aanvaar word nie.

37 En Hierdie is God se Woord wat ek pas gelees het, Dis 'n Kwytskelding vir hulle wat Dit wil aanvaar as 'n Kwytskelding, en Dis genesing vir hulle wat Dit wil aanvaar as genesing. En Dit kan enige groot seën wees wat God belowe het, as ons Dit sal glo en Dit so sal aanvaar, sien, maak nie saak watter grootte Dit is, op watter soort boek Dit geskryf is nie, solank Dit God se Ewige Woord is.

38 Hierdie is 'n baie vreemde ding om 'n Man te sien klop aan 'n deur om in die Skrifte te wees. Ek vergeet net die kunstenaar, of, die naam wat die beroemde skildery van Jesus geskilder het wat aan die deur klop, ek kan nie sy naam onthou nie, hy's 'n Griekse kunstenaar, dink ek. En toe . . . Alle groot skilderye, voor hulle in die eresaal gehang kan word, moet hulle eers deur die saal van kritici gaan.

39 En dan, herinner dit my net aan die Kerk, voor die Kerk ooit na die Heerlikheid toe geneem kan word, moet Dit gaan deur die, hierdie wêreld van kritiek. En partymaal probeer ons ontduik, terugdeins van kritiek. Wel, dit toets net, dis—dis goudklonte vir jou, dis iets wat God toegelaat het vir jou, om jou te beproef, en om jou 'n honderd persent, suiwer goud deur te bring wat skyn. "Almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg

word," sê die Skrif. So die kritiek, ons verwelkom dit, want dis wat ons moet hê om ons deur die vurige beproewinge te sit.

40 So hierdie kunstenaar, toe die skildery deur die saal van kritici gegaan het, was daar een kritikus wat gesê het: "Meneer, ek dink jou portret van Christus is pragtig. En ek dink, by die deur te staan, en die goeie, en, verwagtinge om te kyk en te wag dat iemand sal oopmaak, maar," gesê: "daar's een ding verkeerd, dit is dat jy nie enige knip het vir Hom om mee in te gaan nie."

41 En die kunstenaar het gesê: "O, ek het dit so geskilder. Jy sien, in hierdie geval is die knip aan die binnekant, jy moet oopmaak, Christus klop net."

42 En dis hoe dit is met elke persoon hier vanaand wat enigiets van God soek, Hy klop aan die deur, maar jy moet oopmaak, jy's die een wat onder beheer is, jy's aan die binnekant om die deur oop te maak. As jy verlossing nodig het, as Hy klop, ontvang dit, maak die deur oop; as jy genesing nodig het, maak die deur oop, dis al wat jy hoef te doen, en dan sal Hy inkom.

43 Dan as julle sal oplet, 'n man wat aan 'n deur klop, probeer toegang verkry. En sekerlik, sou geen man aan 'n ander man se deur klop tensy hy iets belangrik gehad het, of iets wat hy gedink het belangrik was, om met die man te bespreek nie.

44 En groot mans het aan deure geklop deur die eeue. Byvoorbeeld, destyds in die dae van Rome, wat sou gebeur het as die groot Caesar, Augustus Caesar, na 'n arm man se huis toe sou gaan en aan die deur klop? En hierdie arbeider na die deur toe sou kom, hy sou sien wie daardie groot keiser was, hy sou op sy aangesig neerval en sê: "Groot man, groot Augustus Caesar, kom in my huis in." Wat 'n eer sou dit vir 'n arm man gewees het, 'n arbeider, om die keiser van Rome voor sy deur te laat staan het, dit sou 'n groot eer gewees het.

45 Of in die dae van die oorlede Adolf Hitler, wat as Adolf Hitler sou gaan na 'n arbeider se deur toe, of 'n Duitse voetsoldaat, 'n soldaat se deur en aan sy deur sou klop. En wanneer hierdie soldaat die deur oopmaak en die groot führer van Duitsland sien staan het op daardie dag voor sy deur, sou hy op aandag gestaan het, en sou gesalueer en gesê het: "O, Hitler, kom in my huis in. Enigiets wat in hierdie huis is wat u wil hê, is u s'n." Hoekom? Hitler was 'n belangrike man in sy dag, veral vir 'n Duitser, in die dae wat hy die diktator van Duitsland was.

46 Of ek mag dit sê: Wat as ons groot President Dwight Eisenhower na Dallas toe sou gekom het vanaand, en hy kon na die huis van die beste Demokraat toe kom wat daar in Dallas is? Dit sou 'n eer vir jou wees. Sekerlik. Jy mag van hom verskil het oor politiek, maar Dwight Eisenhower is die president van die Verenigde State, hy's 'n groot man. Dis die belangrikheid van die persoon by die deur wat klop, wat tel. Sekerlik.

47 En hoewel, as hy gekom het en aan jou deur geklop het, en jy van hom sou verskil, gesê het . . . sou jy nie gesê het: "Nou, wag 'n bietjie, Mnr. Eisenhower, gaan u net weg van my deur af, ek's 'n Demokraat," nie. Nee, meneer. Jy sou hom innooi. En wat sou gebeur? Môre, Dwight Eisenhower homself wel sou verneder het, ek glo hy is 'n groot president, en as hy homself sou verneder om na jou deur toe te kom, net 'n gewone man, wel, sou die—die—die televisie dit berig, sou môre oral om die wêreld weet dat Dwight Eisenhower na 'n arm man se deur toe gekom het in Dallas, Texas, hoe hy homself verneder het om so-iets te doen.

48 Of wat as die koningin wat pas hier besoek het? Sy opgegaan het na Kanada, die koningin van Engeland, en sy afgekom het in die Verenigde State. Wat as sy na een van julle deure toe sou kom, julle vroue, hier? Miskien sou jy na haar kyk en sê: "Ek verstaan nie wie jy is nie."

En sy het gesê: "Ek is die koningin van Engeland."

49 Hoewel jy nie haar onderdaan is nie, maar tog sou jy geëerd wees om die koningin van Engeland voor jou deur te hê; enige persoon sou, want sy's 'n belangrike vrou, sy's die grootste koningin op aarde, oor die grootste . . . Dis die bekendste koningin op die aarde, is die koningin van Engeland. Wel, jy sou sê: "Kom binne, Koningin, en kyk my huis deur. En as daar enigiets hier is wat u begeer, kan u dit kry."

50 As daar 'n klein ornamentjie sou wees wat op 'n rak staan wat jou ouma uitgehou het om vir jou te gee, en as sy daarvoor sou gevra het, sou jy dit vir haar gegee het as gevolg van haar belangrikheid, sy's 'n groot vrou. Dit sou 'n eer wees om hierdie skatjie aan die koningin van Engeland af te staan, sekerlik, oor haar belangrikheid.

51 Maar, o, broer, suster, hier is wat ek hier is om te sê: Wie is belangriker om aan jou deur te klop as Jesus? En wie word meer weggewys as Jesus? Hy word meer weggewys as al die presidente, diktators, en konings in die hele wêreld wat ooit weggewys is, Jesus is al meer kere weggewys. Die koningin, die diktator, mag iets na jou toe gebring het, of iets vir jou geneem het, maar Jesus wat na jou deur toe kom, wil vir jou iets gee: die beste ding wat jy ooit kon ontvang, Ewige Lewe, en Hy word van die deur af weggewys. O, dis 'n tragiese ding!

52 As 'n man of vrou net sou stop en dink vir net 'n oomblik, dat die Koning van die Heerlikheid, die Koning van die Lewe, die Seun van die Ewige God wat aan 'n sterfling se hart klop om hom iets goeds te gee, en hy Hom weggewys het.

53 Elke Goddelike belofte in die Bybel is joune vanaand, as die geloof van God aan jou hart klop, dan kan jy dit kry. Waarom sou ons moeg word? Waarom sou ons probeer sê: "Wel, ek's net bang dit sal nie gebeur nie"? Hoe kan ons dit ooit in ons gedagte kry, wanneer die Koning van die Heerlikheid dit belowe het, Jesus

Christus, die Seun van God? "Ek staan by die deur en klop, en as enigiemand My sal hoor, en die deur sal oopmaak, sal Ek inkom en saam met hom maaltyd hou."

54 Nou, *maaltyd* hier beteken: "om te praat of gemeenskap te hou." Jesus wil gemeenskap hou. Dis waarna God se hart verlang vanaand. Hy verlang daarna in Dallas en in elke plek in die wêreld, 'n afbreek van vooroordeel, 'n skoonmaak van die preekstoel af, al die pad tot by die kelder, en 'n outydse herlewing wat denominasies sal saamskud, en 'n ware Kerk van die Lewende God maak. Handskud met die Heiligheid, Baptiste, die Metodiste, die Pinksters, die Nasaréners, Hy begeer om in te kom om gemeenskap in Sy mense te hê, in te kom om gemeenskap te hou en vir julle iets goeds te bring, maar die kerk en die mense hou Hom weg, julle weier Hom, want jy sê: "Wel, daardie groep glo net nie soos ek glo nie."

55 Watter verskil maak dit? Dit het niks daarmee te doen nie. Ons is Christene, wedergebore in dieselfde familie, 'n klomp kinders, ons sal nooit saamstem, totdat ons Hom van aangesig tot aangesig sien, en verander word en gemaak word na Sy Eie glorieryke liggaam nie.

56 Ons het 'n afbreek nodig, 'n skoonmaak, 'n huisskoonmaak, en 'n regte herlewing wat moet begin, dan kan die gawes, en kragte, en manifestasies van die Heilige Gees in die Kerk inkom met groot tekens en wonders. Hoe kan God dit doen met 'n verdeelde groep? Ons kan dit nie doen nie. God het Sy mense lief, en ons moet almal bymekaar kom, groot massadienste, en vergeet om Baptis, en Presbiteriaan, ensovoorts te wees.

57 Hy klop aan die deur van elke sterfling, dis Sy plig, dis Sy . . . dis waarvoor Hy hier is. Daar word by niemand verbygegaan nie, almal word uitgenooi, kreupel, verlam, mank, blind, julle sit . . . Dallas vanaand. En elke kerk hier, Metodis, Baptis, Pinkster, Nasaréner, Pelgrim Heiligheid, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, alles wat julle is, en daardie verskilletjies afbreek en bymekaar kom, sal hulle die hospitale hierrond leegmaak, en reguit na . . .?. . . O, dit sou iets laat gebeur wat opslae in die koerant sou maak, televisie sou dit oor die wêreld uitsaai wanneer Christus in 'n duisend huise inkom. Dit sou dit doen, vriend.

58 Dis waarvoor hierdie dienste is. Dis die idee van hierdie predikers wat hier op die platvorm sit. Dis my doel om hier te wees, is om julle te probeer vertel dat Christus Sy mense liefhet. En ons moet bymekaarkom vir die beweging van die Heilige Gees en die Wegraping van die Kerk. As God wil, sal ek hierdie week daarby kom.

59 Nou sê jy: "Mnr. Branham, ek wil net hê jy moet weet dat ek Jesus 'n lang tyd gelede laat inkom het."

60 Wel, daarvoor is ek dankbaar, as jy Hom laat inkom het. Maar nou, daar's baie meer as om Hom net te laat inkom, en Hom toe te laat om Sy gang te gaan na Hy ingekom het.

61 As jy my na jou huis toe genooi het, en ek aan jou deur geklop het, en ek glo dat jy my lief genoeg het, sou jy sê: "Kom in, Broer Branham," en my hand skud en sê: "welkom."

62 Wel, as jy vir my gesê het ek is welkom, is daar genoeg Kentucky in my om te glo dat ek welkom sou wees tot enigiets in die huis. Ek sou gaan en my skoene uittrek, uitstrek oor die bed, en rus, as ek honger geword het, na die yskas toe gaan en vir my 'n toebroodjie maak, sekerlik. Ek sou welkom voel as jy vir my gesê het ek is welkom.

63 Maar wanneer julle Jesus laat inkom, het die mense 'n ander gesindheid. Jy sê: "Jesus, ek wil nie hê U moet my nou hel toe laat gaan nie. Wel, ek sal U by die deur laat inkom, maar bly U daar by die deur."

64 Nou, julle weet, in die menslike hart, nadat Hy by die eerste deur ingekom het, is daar 'n hele klomp deurtjies oral. Kom ons praat van 'n paar van hulle, nie om julle gevoelens seer te maak nie, maar laat ons net 'n paar minute oor hulle praat.

65 Die eerste deur wat jy na jou regterkant toe draai wanneer jy inkom, nou, dis die deur van *Privaat Lewe*. Nou sê jy: "Jesus, U kan inkom en my red van die hel, maar U moenie begin inmeng in my privaat lewe nie. U sien, as U dit doen, kan ek—ek net nie enigsins verder met U saamgaan nie."

66 Dis waarom ons nooit nêrens kom nie. Julle is gewillig om een of ander vorm van doop, en een of ander rituele van die kerk te aanvaar, maar wanneer Christus begin inkom en vir jou sê om sonde weg te neem wat in die kamp is, nou kan jy nie meer kaart speel nie, en jy kan nie by die huis bly op—op elke oggend wanneer biduur aan is en luister na Arthur Godfrey, daardie skurk, of Elvis Presley se ruk-en-rol in die huis hê nie, jouself in die agterplaas laat sit en sonbaai, julle diakens en kerklidmate wat sigarette rook, en dinge nie! Geen wonder jy . . . Geen wonder Christus kan nie die voorrang in die hart hê nie.

67 Ek gaan . . . Ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, maar wat het gebeur met die sedes van hierdie Pinksterkerk? Dit was altyd verkeerd vir julle vroue om julle hare te sny, ek onthou dit.

68 Maar, en nou sê jy: "Prediker, daar gaan jy. Jy's—jy's hamer daarop."

69 Goed, sien jy waar jou privaat lewe is? Die Bybel is daarteen. As die Bybel in ouma se dae gesê het dat dit verkeerd was, is dit dieselfde Bybel vanaand. Die Bybel sê as 'n vrou haar hare sny, kan haar man van skei, sy onteer haar hoof. Nou, dis reg, dis wat die Skrif sê. Nou, daar's iewers iets verkeerd, óf in die sitplek óf die preekstoel, een. Dis reg. Nou, dis waarheid.

70 Nou let op, dit was altyd verkeerd vir die dames om—om selfs hulle rompe laag te dra en deur die voorkant, en op soos daardie, maar nou dra hulle, die—die Pinkstervroue, kortbroek. Nou, dis reg. Waarom doen julle dit?

71 Wel, jy sê: "Ek sal hulle nie dra nie, ek dra langbroek."

72 Dis erger. Julle weet die Bybel het gesê dat 'n vrou wat klere dra wat by 'n man hoort, dit 'n gruwel in die oë van God is?

73 Waarom kan ons nie 'n genesingsdiens en 'n groot herlewing hê nie? Staan op daarvoor. Die sonde is voor die deur, dis waar dit is.

74 Jy sê: "Wel, ek behoort *hieraan*, en ek . . . "

75 Dit het niks daarmee te doen nie, dis Christus deur Sy Woord, wat aan die hart klop . . . ? . . . Dis waar.

76 Party van hierdie ou, vuil kleertjies wat vroue dra! "Wel," sê jy vir my: "Broer Branham, dis die enigste soort wat hulle verkoop."

77 Maar hulle verkoop nog steeds naaimasjiene en materiaal. Dis reg. Net soos dit jou pas. En laat ek vir julle iets vra, susters: Weet julle waaraan julle skuldig gaan wees by die Oordeelsdag? Vir owerspel pleeg met sondaars. Die Bybel het gesê, Jesus, ons dierbare Here het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart." En as jy jouself so voorstel, mag jy so rein wees soos 'n lelie vir jou man, of jou kêrel, maar Jesus het gesê dat jy owerspel gepleeg het met 'n sondaar wat jy jouself aan hom voorgestel het. Nou, Jesus het dit gesê. Wie is skuldig? Jy het jouself so voorgestel.

78 Nou, julle sê: "Broer Branham, jy pik op die vroue."

79 Goed, julle mans: En enige man wat sy vrou sigarette sal laat rook en daardie soort klere dra, dit wys waarvan jy gemaak is. Jy's veronderstel om die heerser van die huis te wees. Wat het gebeur? Jy kan nie Amerikaanse huise maak nie . . . Geen wonder ons het jeugmisdaad nie! Ons het ouermisdaad, ons het kerkmisdaad. Ons het beslis. Dis waar. Nie om julle seer te maak nie, maar om julle die waarheid te vertel, ons moet skoonmaak. Moet 'n—'n herlewing hê en al die goggas uit die ding uitkry voor ons . . . God ooit sal inkom. Staan by die deur . . .

80 Jy sê: "Jy meng in by my privaat lewe."

Daar is dit. Sien?

81 Wel dan, het jy 'n klein, nog 'n klein deurtjie wat *Trots* genoem word. O, goeiste! "Moenie daarmee lol nie. Nou kyk, Broer Branham, ek dink dis soveel vandag." Goed. Dis jou privaat lewe. Jy sê: "Jy het geen besigheid om inbreek te maak op my privaat lewe nie."

82 Dis wat jy vir Christus sê. Ek praat uit die Woord, die Woord spreek vir Homself. Dis reg.

83 Privaat lewe: "Net ek en die Joneses," jy weet: "ek en my denominasie." Julle het geen reg om denominasionele lyne in broederskap te trek nie. Dis reg. Dis reg. Julle mag verskil oor doktrines, ensovoorts, wat in orde is. Ek eet kersietert, iemand anders eet 'n appel, maar ons eet in elk geval tert. Ons het geen regte om—om lyne te trek net omdat 'n kêrel nie dieselfde as jy glo, of dink, kerk of denominasie by jou is nie, so "Ek sal *hierdie* vermy. Ek sê jou, ek gaan nie vir daardie holy-rollers nie." As jy ooit Hemel toe gaan, sal jy saam met hulle gaan. Dis reg. Sekerlik, daar gaan baie van hulle daar wees.

84 "Wel, ek's 'n Presbiteriaan, en ek gaan nie . . . "

85 Wel, goed. Daar het julle dit. Sien, jy sal Hom laat inkom, jy sal Hom jou van die hel laat red, maar jy sal Hom nie jou Here laat wees nie. *Here* beteken "heerskappy." *Here* beteken "eienaarskap." Wanneer Hy inkom, laat Hom jou Here wees.

86 Hierdie groot evangelis, Billy Graham, ek was by sy ontbyt in Louisville, by sy groot diens daar. Toe ek die man hoor opstaan het, en hy die Bybel geneem het, en hy gesê het: "*Hierdie* is die voorbeeld," wat reg is, presies, hy het gesê: "wanneer Paulus in 'n stad ingegaan het, en hy 'n herlewing gehou het," gesê: "het hy omtrent 'n jaar later teruggekom, en daardie een kêrel wat hy gered is, het nog dertig gered." Hy het gesê: "Ek gaan in 'n stad in en hou 'n herlewing en kry twintigduisend gered, gaan ses weke later terug en kan nie twintig kry nie."

87 Wat makeer? Hier's die probleem: Hulle raak net opgewonde oor die evangelisasie en 'n groot skare mense, dis al, dis presies. En die Pinksters word dieselfde. Wat ons nodig het, is Christus wat Here is . . . ? . . . in Sy Teenwoordigheid in hier, en sê: "Here, kom in."

88 Nou, Hy het weer daarin gesê, dat daar 'n deurtjie is wat *Geloof* genoem word. Wens dat ons tyd gehad het om al hierdie deure oop te maak, maar ek wil oopmaak, kyk na hierdie deurtjie van *Geloof*.

89 Jy weet, jy sê: "Wel, nou het ek geloof, Broer Branham, ek het Jesus in my hart laat inkom."

90 Jy het gedink jy het Hom 'n eer betoon. Partymaal tree jy so op. O, wat 'n groot ding het jy gedoen toe jy Jesus na die deur toe laat kom en daar laat staan het. Hy sal nie baie lank staan nie, daarvan kan jy seker wees. Sien? Ek sou nie lank staan nie, en jy sou nie lank staan in my huis as ek gesê het: "Kom, staan net hier. Moenie beweeg nie, moenie met enigiets anders hier gaan lol nie." Jy sou weet jy was nie welkom nie. Dis waarom daar nie twintig uit twintigduisend is nie.

91 Nou, ons moet Hom laat inkom, en wanneer Hy inkom, Hom aanbid en sê: "Kom in, Here, wees my Verlosser, wees my God, wees my Heerser, wees my Geneesheer, wees my . . . wees alles wat ek—ek wil weet in die lewe, wees, wees my Here. Neem alles wat

ek het, Here, en regeer dit. Neem my emosies, ek sal nie meer skaam wees nie. Neem my trots. Staan in die deur en beklee my, Here, met U Woord." Gaan dan 'n herlewing sien begin. "Staan in my privaat lewe, Here. Maak my wat U wil hê ek moet wees. Laat my nie my eie gedagtes neem nie, maar U s'n neem, God. Lei my, O Here."

92 Hy sal jou nooit uit die Woord uitneem nie, Hy sal jou reg in Sy Woord hou. Nie omdat die Baptiste dit doen, die Pinkster dit doen, die Presbiteriaan nie, maar omdat God se Woord so gesê het, glo jy dit.

93 Die mens wat ooit gebore is uit die Gees van God, ontmoet iets wat Hy nooit van jou af weggaan nie. Daar's geen man wat 'n reg het om die Evangelie te preek, totdat hy eers op die heilige sand agter in die woestyn was nie. Daar's teoloë in hierdie wêreld wat slim en skrander is, en alles kan wegverduidelik, alles wegneem, selfs die hele Bybel. Hulle mag jou verstand verdraai en alles, maar as jy ooit God ten volle in jou hart laat inkom het, en daardie agterkant van die woestyn ondervinding kry, dan, broer, kan al die duiwels uit die hel nie op daardie grond kom waar jy . . . ? . . . Dis iets wat werklik is.

94 Hierdie deurtjie van geloof! "O," sê jy: "Prediker, ek weet julle mense glo in goddelike genesing, maar my geloof leer dit nie."

95 Dan het jy die verkeerde geloof. Sien, as jy Jesus laat inkom, sal jy nie meer sê: "Die dae van wonderwerke is verby," nie. Jesus is daarin, en Hy is die wonderwerk, Hy's die wonderwerker. En Hy het die wonderwerke gebring wat net daar in jou hart is, net so teenwoordig as wat dit was toe Hy Galiléa bewandel het. Waar. Hy's daar.

96 Dis waarom mense Hom nie wil laat inkom nie. Laat Hom in daardie deur staan eenkeer, God se geloof gebruik, dis joune. As jy wedergebore is en Christus in die deur laat inkom, sal Hy reg in die deur staan, en sê: "Ek's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Dis reg. Elke Woord wat ek gesê het is deel van Hom. "Ek's nie . . . Ek's jou Verlosser, Ek's jou Koning, Ek's jou Geneser, Ek's jou Vreugde, Ek's fonteine van Lewe, Ek's Alfa, Omega, Ek's jou opstaan-in-die-oggend, Ek's jou bed-toe-gaan-in-die-aand."

97 Soos Dawid gesê het: "Ja, al gaan ek deur die dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my. As ek my bed in die hel maak, sou Hy daar wees." Wat ons nodig het: 'n outydse herlewing. Hoe waar!

98 Let nou op, net nog iets, Hy het hierin gesê aan hierdie Laodicése Kerkeeu waarin ons nou lewe, Hy het gesê: "Ek raai jou aan om van My te kom koop, fyn goud." Gesê: "Jy sê dat jy ryk is." Nou, hoe ryk is die kerk vandag? Die grootste geboue wat dit ooit gehad het, die meeste geld wat dit ooit gehad het. "Jy sê: 'Ek's ryk, en ek het niks nodig nie,' en jy weet nie dat jy nakend,

beklaenswaardig, blind, arm, en ellendig is, en dit nie weet nie." Wat is dit? "Ek . . . " En dit nie weet nie.

99 Nou, as jy 'n man in die straat sien afkom wat ellendig, nakend, blind was, en jy kon na hom toe hardloop, sê: "Meneer, jy's nakend."

"O, is ek, meneer? Wel," gesê: "ek sal . . . Jy my help?"

100 "Ek het hulp vir jou hier, en kom sommer gou in, laat ek jou aantrek." Wel, as—as hy was . . . As hy na jou sou luister, goed. Maar wat as die man in daardie toestand is en dit nie weet nie? En die Bybel het gesê dat hierdie laaste kerktydperk so sou wees.

101 En julle Pinkstermense, julle het die beste kerke wat julle ooit gehad het, en julle sou baie beter gevaar het onder op die sendingstasie met, op die straat hieronder, met 'n klein, tiensent blikkie, om op die dromme te slaan, of *so-iets* soos daardie, sondaars te roep om te bekeer, as wat julle in hierdie yslike groot kerke sou wees wat julle het, wat in lykshuise verander. Julle weet dis reg.

102 Nou, nou, ek bedoel nie om julle gevoelens seer te maak nie, ek's julle broer, en ek vertel julle net die waarheid. Die Laodicése kerk . . . Dis waarom ek gesê het van julle vroue wat julleself almal opmaak, julle Pinkstervroue wat daardie manikuur op julle gesig dra, julle weet, daardie goed, wat dit ook al is, julle het dit nie nodig nie, nee, meneer, dis van die duiwel, dit is absoluut.

103 Laat ek vir julle sê, daar's net een vrou in die Bybel wat ooit haar gesig geverf het, en haar naam was Isébel, en God het haar vir die honde gevoer, so, julle sien, dis hondevleis om julle gesig so te verf. Ek bedoel dit nie as 'n grap nie. Dis—dis nie 'n plek om grappe te maak nie, vriend. Ek vertel julle net die waarheid. Dis 'n heidense gebruik. Wat het gebeur?

104 Nou, Dit het gesê dat: "Ellendig, beklaenswaardig, blind, en dit nie weet nie.

105 Ek het grootgeword in Kentucky in 'n klein ou, waterslagplank dakspaan huisie, en Mamma het altyd al ons klein Branhams geneem en ons almal in een bed gesit, omtrent drie aan die voetenent, en drie aan die kop, en nog omtrent drie in die middel. En sy sou . . . En ons het net 'n ou stuk seil gehad wat ons bo-oor die bed sou sit om die sneeu en reën uit ons oë te hou. En die trek sou in die nag deurkom wanneer daardie koue wind sou deurkom, partymaal, het Mamma dit *sug* genoem, koue sou in ons oë kom, en dit sou ons oë aanmekaar plak. En ek was die oudste, en sy sou sê: "Billy, kom ondertoe."

Ek sou sê: "Mamma, ek kan nie sien nie, my oë het aanmekaar geplak."

En my broertjie, Edward, hy sou sê: "Ek kan ook nie sien nie, Mamma."

106 Julle sien, ons het koue gevat in ons oë, en—en hulle het ontsteking gekry, en dit het ons ooglede aanmekaar geplak. En my oupa was 'n wasbeer-jagter, en het altyd wasbere gevang, wasbere, en hulle uitgeneem en hy sou die vet uit hulle uitbraai. En Mamma sou daardie ou pan gaan haal, dit op die stoof sit, daardie wasbeervet, sy sou dit baie goed warm maak, daar opkom, en ons oë masseer en—en—naderhand sou hulle oopgaan. Ek weet nie wat gebeur het nie, maar dit het die—die sug in ons oë versag, en—en ons kon sien.

107 Ek sê jou, broer, daar was 'n koue trek in die kerk, en die Pinksterkerk het 'n slegte verkoue iewers gekry. En dit sal meer as wasbeervet kos om hulle oë oop te maak . . . ? . . . God het gesê: "Ek raai jou aan, Ek sal vir jou 'n bietjie oogsalf gee, en daardie oogsalf sal jou oë oopmaak." En as die preek van die Woord dit nie doen nie, ken ek geen ander oogsalf nie. Die Heilige Gees maak die Woord warm, en vanaand oor die Kerk . . . en die Kerk hou van daardie Woord, sekerlik, en Dit maak die oë oop, dan kan julle sien.

108 Ons het 'n—'n trekkie gehad wat iewers oor die kerk gekom het, ek dink ons het begin opbreek, en maak: "Ek's *dit* en ek's *dat*." Ek wonder waarna ons almal soek. Sien? O, as jy dit net geweet het, vriend, julle is seuns en dogters van God wat God probeer kry! Julle oë is net vol sug, dis al. God stuur vir ons salf, is wat ons wil hê in hierdie herlewing hier om die oë oop te maak.

109 Kyk rond, kyk hoe goed God vir ons was. "Ek staan by die deur en klop, en as iemand My Stem sal hoor, en die deur oopmaak, sal Ek inkom, met hom gemeenskap hou. As die Baptis Dit sal hoor, as die Metodis Dit sal hoor, as die Pinkster Dit sal hoor, as die Nasaréners, die Pelgrim Heiligheid, sal Ek inkom, Ek sal 'n bietjie vet op julle oë sit en julle oë oopmaak om julle te laat sien waar ons is."

110 O, julle weet die Pinksterkerk het 'n herlewing gehad. Toe hierdie predikertjie 'n rukkie gelede, die klein, Joodse broertjie hier, wat my bekendgestel het om 'n helewing te gelei het . . . Ons het wonderlike herlewing gehad, ek weet nie wanneer ook al in die geskiedenis daar 'n herlewing was soos hierdie Pinkstertydperk was nie. Dit is reg. Daar is herlewingsvure wat brand in elke nasie onder die Hemel vanaand. Dis reg. Ons is aan die eindtyd; dis wonderlik. En ons . . .

111 Laat ek vir julle mense hier in Dallas sê, 'n hoofkwartiere van hierdie groot kerke, en groot mense, nou, moenie sleg voel omdat ek hierdie dinge sê soos wat ek gesê het nie, ek sê dit vir julle beswil en vir die bevordering van die Evangelie, vriende.

112 Nou kyk, dan kan ons ware genesingsdienste hê, dan kan ons iets egs laat gebeur wanneer ons ons mure afbreek, en onsself regmaak, en ons gesigte was, en onsself skud, kom na, en onder die kruis kom, dis reg, dan sal God ons begin seën, dan sal

die liedere van Sion terugkeer na die outydse seëninge waarna ons verlang het. God het . . . Die Pinksterhemele is vol daarvan. Waarom sou ons 'n plaasvervanger aanvaar wanneer die egte dinge hier is? Nie nodig nie. Maar weet julle wat? Dat ons soveel gesien het, dat ons die waarde verloor het van wat ons het.

113 Eenkeer was daar 'n man wat afgegaan het see toe, hy wou 'n bietjie rus hê, hy het nog nooit die see gesien nie, hy is grootgemaak in min of meer 'n woestynland, en hy was op sy pad see toe. En hy het gesê: "Ek gaan af, ek verlang net om die soutreuk te ruik, en die groot, soutgolwe te sien, soos hulle in die lug opspring en breek, en die hemel se blou, wat afskyn op die soutwater wat hulle blou maak, die wilde krete van die seemeeue hoor soos hulle oor die see sirkel. Ek verlang om dit te hoor en dit te sien. Dit sal so rustig wees vir my, want ek het gehoor dat sulke goed bestaan."

114 So hy het gereedgemaak om na die strand toe te gaan. Net voor hy by die strand gekom het, het hy 'n ou sout ontmoet wat terugkeer, wat 'n ou matroos beteken, en hy het gesê: "Waarheen gaan jy, my goeie man?"

Hy het gesê: "Ek gaan na die strand toe, meneer." Hy het gesê: "Ek gaan om die groot golwe te sien," en aan hom verduidelik hoe sy hart verheug sou wees om net daardie dinge te sien.

115 En die ou sout het gesê: "Nou, ek is gebore op daardie see," het hy gesê: "ek is gebore in 'n skip," hy het gesê: "en ek het daardie golwe vir veertig jaar dopgehou en daardie meeue hoor skree: Ek sien niks opwindends daaraan nie." Julle sien, hy het dit soveel gesien, dat dit alledaags geword het, dis hoe dit is met Goddelike genesing.

116 Iemand het vir my gesê 'n predikertjie het gister vir 'n dogtertjie hier gebid, en haar been het twee of drie duim gegroei. Genade, dit behoort hierdie plek aan die brand te steek, sekerlik, dit behoort. Die Koning is hier, die groot, magtige Christus van God Wat die Hemele en aarde regeer, is teenwoordig en kan groot en magtige dinge doen as ons Hom net sal glo.

117 Glo julle dit nie? Sekerlik, as ons Hom net sal glo, geloof sal hê en sê: "God, as U net ons oë sal oopmaak vanaand, laat ons U heerlikheid sien, Vader God, dan sal ons doen . . . ons sal groot dinge sien, maar hoe kan U dit doen tensy ons oë oopgaan." Is dit nie reg nie? Ons moet dit hê.

118 En ons sien soveel groot wonderwerke plaasvind dat, ons mense sien uitroep en die Here prys, en tog kyk ons net nie daarna nie. Is dit nie reg nie? Waar. Groot en magtige beweging, dit word alledaags vir ons, net so alledaags dat ons nie enige aandag gee nie.

119 'n Tyd gelede, onder in Louisiana, of, ek dink dit was in Georgia, het 'n ou, gekleurde prediker wat ek geken het, hy was 'n groot ou man, groot siel, maar hy het 'n ou man gehad wat gegaan

het na . . . sy vrou het kerk toe gegaan, en sy was 'n goddelike, heilige, ou vrou. Sy het gesê dat sy vir haar man gebid het vir 'n lang tyd, maar . . . Sy naam was Gabriël, maar hulle het hom Gabe genoem as 'n afkorting. So, hulle kon net nie vir ou Gabe regkry nie, *op een of ander manier* kon hulle hom nie regkry met die kerk en met God nie.

120 En so het hierdie ou gekleurde prediker baiekeer vir ou Gabe gevat om saam met hom te gaan jag en hulle sou uitgaan en jag. So eendag het hulle gejag en op hulle pad terug, o, albei van hulle het konyne en voëls gehad wat oor hulle gehang het tot hy nie eers kon loop, skaars nie, net so swaar gelaai. Hulle het met 'n sekere ou, bekende paadjie aangekom, en soos hulle in hierdie paadjie afgeloop het, het die pastoor aanhou omkyk na die weste soos die son gesak het.

121 Broer, ek sê jou, die kerk behoort te weet dat dit sonsondergangtyd is, die son is besig om onder te gaan. Wat is hierdie seëninge wat ons sien? Wat het die profeet gesê? "Dit sal Lig wees in die aandtyd." Watter soort Lig? Hoe beweeg die son? Dit kom vinnig op in die ooste en sak in die weste. En beskawing het opgekom in die ooste en weswaarts beweeg. *Die Ooste En Weste Het Ontmoet*, ek sal daaroor preek hierdie week, as die Here wil.

122 Nou let op, en dieselfde lig, wanneer die son opkom en skyn op die ooste, skyn dieselfde son in die weste. Begryp julle dit? Die Bybel het gesê, of, die profeet het gesê daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag sou wees nie, 'n somber tyd, net 'n somber tyd. Ons het genoeg Lig gehad om by die kerk aan te sluit, en 'n organisasie te bou, goeie kerke, ons het dit gehad vir tweeduisend jaar, maar God het belowe in die aandtyd sou dit Lig wees. En wat is dit? Dieselfde Lig wat op die Ooste geval het, dieselfde Heilige Gees wat by Pinkster geval het, wat dieselfde resultate gebring het, val op die Westerse mense vandag, wat dieselfde resultate bring wat dit destyds daar gebring het; dit sal Lig word.

123 En soos hy na die weste toe gekyk het, het die ou swarte daar aangestap, hy het die pastoor op die skouer getik, die prediker het omgekyk, hy het ou Gabe gesien, en die trane het teen sy wange afgeloop, en hy het gesê: "Eerwaarde, vandag is Saterdag, en môre-oggend gaan jy my by die roubank vind. En ek gaan vir my 'n sitplek kry langs my dierbare vrou, daaragter in daardie kerk, daar sal ek getrou bly totdat God my lewe neem.

124 Die pastoor was so bly om dit te hoor, hy het gesê: "Gabe, jy weet dat ek dit waardeer. Ek hou daarvan om jou dit te hoor sê, Gabe! Maar wat het die skielike verandering veroorsaak? Was dit die preek wat ek gepreek het? Was dit die dinge waaroor ek met jou gepraat het, die goedheid van die Here?"

125 Hy het gesê: "Nee, Eerwaarde, toe ek reg om daardie draai daaronder gekom het, het ek iets aan my hart voel klop." Hy het

gesê: "Jy weet, Eerwaarde, ek—ek kan nie 'n skuur tref nie," hy het gesê: "ek's die swakste skut in die land, en tog, kyk net wat aan my hang, na die konyne en voëls wat ek self gekry het." Hy het gesê: "Hy moet my liefhê, of Hy sou hulle nie vir my gegee het nie."

126 'n Klein, eenvoudige dingetjie soos daardie, en 'n klop van Christus aan die hart: "Gabe, ek was op jou geweer-visier vandag."

127 Wat van julle vanaand? Wat van julle wat in mooi motors aangery gekom het? Wat van julle wat na goeie kerke toe gaan? Wat van julle wat hier sit in goeie gesondheid, nie soos daardie kindjie wat daar, verdraaid, op sy bed lê nie? Wat van jou, jong dame, wat hier sit in goeie gesondheid, teenoor 'n siek dogtertjie in die gebou daar, klein spastiese kindjie, dogtertjie? Weet jy nie dis God wat aan jou hart klop om te sê: "Dis goed om jou te sien" nie? Dis Sy goedheid.

128 Julle het julle Sondagmaaltyd gister geëet. . . Ek het 'n paar maande gelede in Bombaai, Indië gestaan, waar ek gepreek het vir byna 'n halfmiljoen siele, en daardie moedertjies en hulle babatjies gesien, hulle magies opgeswel, wat sterf van die honger! Dat jou vullis wat jy uitgevee het op die blik, hulle sou voed. Weet julle nie dis God wat aan julle hart klop nie?

129 En hier sal jy sê: "Wel, ek behoort aan die kerk, Broer Branham."

130 Bevooroordeel, ongevoelig, die deur is toegemaak. O, as hierdie hele groep van omtrent 'n duisend mense hier vanaand, miskien nie soveel nie, as julle elke deur in julle hart sou oopmaak vir Jesus Christus vanaand, sou daar 'n herlewing deurbreek in hierdie volgende paar aande wat die koerant hoofopskrifte sou maak, Christus sou kom.

131 Hy wil dit hê, dis God se begeerte vanaand bo alles, is om Sy Kerk een te hê. Klop aan julle deur, goeie predikers, mooi klere, mooi motors, goeie werke, en, o, wonderlike Christus wat by die deur staan. Waarom laat julle Hom nie inkom nie? Laat Hom inkom.

Kom ons buig ons hoofde, net 'n oomblik.

132 Laat elke oog gesluit wees as julle sal. Ek wonder net, net voor ons gebed het, is daar sommige hierbinne wat jou hand sal opsteek, en sê: "Broer Branham, ek steek nie my hand op na jou nie, ek steek dit op na God, want ek—ek het gevoel dat iewers in die, die laaste paar dae, het ek 'n kloppie aan my deur gehoor. Ek het nie die lewe gelei wat ek moet nie, Broer Branham, ek was bevooroordeeld, ek's 'n kerklidmaat. Ek—ek moes beter gevaar het, ek weet ek moes. Ek het met my bure baklei, ek het gestry met verskillende kerke oor hulle doktrines, ek het—ek het geskel, ek het—ek het nie gelewe soos ek moes nie. Ek—ek weet ek moes nie die dinge gedoen het wat ek gedoen het nie, maar deur God

se genade gaan ek die deure laat oopgaan vanaand, ek gaan Hom my Here laat wees van hierdie uur af aan, en ek gaan dit bedoel, Broer Branham. Ek steek nie my hand op na jou nie, ek steek my hand op na Christus. Ek sal kom, Here," en my jou laat onthou in gebed?

133 Saggies nou, terwyl almal in gebed is. Sal julle net julle hande opsteek regoor die gebou? O, dis reg. Sit stil. 

58-0609 Die Boodskap Aan Die Laodicése Kerk
Tentdiens
Dallas, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org